ATKV-betrekkings

ATKV-Natalia

Oordbestuurder

Die ATKV is ’n dinamiese en snelgroeiende Afrikaanse kultuurorganisasie met ’n vakature vir ’n gekwalifiseerde persoon om as oordbestuurder by sy vakansieoord ATKV-Natalia diens te verrig.

Die ATKV volg ’n gelyke indiensnemingsbeleid.

Vereistes

Indien jy oor ’n toepaslike tersiêre kwalifikasie met bestuurservaring beskik, rekenaarvaardig is met spesifieke verwysing na die Microsoft-produkreeks, bewese bestuurs- en organisatoriese vaardighede, asook goeie finansiële en administratiewe vaardighede het, is dit die geleentheid vir jou.

Vernaamste verantwoordelikhede

- Winsgewende en kostedoeltreffende bestuur van ATKV-Natalia deur die ontwikkeling en uitbreiding van bestaande bates;
- Identifisering van geleenthede in die mark om die produkaanbod te versterk;
- Bestuur en beheer van gestelde strategiese aksies;
- Toepassing van doeltreffende opbrengsbestuur om die beleggingspotensiaal van die oord te maksimaliseer;
- Doeltreffende projekbestuur van nuwe ontwikkelings op die oord;
- Bestuur en ontwikkeling van personeel;
- Bemarking, met die fokus op die uitbou en ontwikkeling van die primêre en sekondêre markte;
- Vestiging van effektiewe kliënteverhoudings; en
- Toepassing van doelmatige diensbestuur en -kultuur.

As jy graag vir so ’n dinamiese organisasie wil werk, stuur jou volledige CV aan:

ATKV-betrekkings
ATKV, Posbus 4586, Randburg, 2125 of stuur ’n e-pos na betrekkings@atkv.org.za.

Aansoeke moet die ATKV voor **24 Januarie 2022** bereik.
Gebruik asseblief as verwysing: **NAADMIN01**

As jy teen 28 Februarie 2022 nog nie van die ATKV gehoor het nie, was jou aansoek onsuksesvol.